



STELLENBERG PINKSTER

Sondag 24 Mei 2020

Ek glo in die Heilige Gees

Johannes 16:1-13

Handelinge 2:37

Welkom by Pinkster in Stellenberg gemeente in die jaar 2020. Pinkster vat ons meer as tweeduisend jaar terug na 'n reeks besondere gebeure in Jerusalem. Veertig dae na Jesus se opstanding het hy na die hemel opgevaar waarna die Heilige Gees, tien dae daarna op Pinksterdag, in Jerusalem uitgestort is. Van 1860 het die gebruik in ons kerk tradisie ontstaan om in hierdie tien dae tussen Jesus se Hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees, Pinkster dienste te hou. Die fokus was tradisioneel om te bid vir herlewing in gemeentes. 'n Honderd en sestig jaar later vier ons Pinkster in 'n wêreld wat skielik deur 'n pandemie op sy kop gedraai is. Oral hoor 'n mens die opmerking gons: "Dinge gaan nie weer dieselfde wees nie" en "ons gaan na 'n nuwe normaal terugkeer". Dan die vraag: Wat moet ons dan nou doen? Die meeste van ons hoop dat indien die ekonomie net in 'n mate kan herstel ons weer na 'n tipe van normaal kan terugkeer, maar ons weet ook dis nie so eenvoudig nie. Daar is soveel ander diepliggende realiteite om in hierdie tyd mee rekening te hou.

Ons tema vir Pinkster in die jaar 2020 is daarom so relevant: **ONS GLO ...**

Ons glo in die Heilige Gees wat gelowiges oor eeue en eeue heen gehelp het om in die onbekende met sin te leef.

Wat het die afgelope paar weke sedert die uitbreek van die pandemie met jou gebeur? Wat is die emosies, bewuswordings, perspektiewe of vrae wat in hierdie tyd by jou leef? In hierdie realiteite wil ek vir ons 'n verwerking van Psalm 139 bid:

Here, U sien dwarsdeur my, U ken my. Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes wat ek nou diep hierbinne dink – voor ek hulle nog in woorde kan omsit. Here, U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. Die wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.

Here, daar is so baie waarvan ek nie sin kan maak nie – ek verstaan aldag myself nie, maar te midde van hierdie onbekende hou ek aan een realiteit vas: Dat ek in U sterwe en opstanding U genade kan beleef. Deur U oë Here, wat alles en almal sien, word my lewe en wêreld vandag anders. Terwyl ek so min weet glo ek in die Heilige Gees, wat in elke tyd en omstandigheid mense kom verander en nuwe lewe in die onbekende kom oopbreek.

AMEN

Ons gaan vandag uit twee teksgedeeltes saamlees. Johannes 16:1-13 en dan later Handeling 2:37.

Ons tema vandag is die vraag: **Wat moet ons nou doen?**

In Johannes 16 praat Jesus reguit met sy dissipels oor die realiteit wat op hulle wag. Jesus se boodskap tref hard, want hy stel dit baie duidelik dat daar nog baie moeilikheid op hulle wag en dat hulle gaan sukkel om van die gebeure sin te maak. Hy maak dit dan baie duidelik dat hulle in hierdie realiteit onverbiddelik aan een saak moet vashou: Die Gees van die waarheid sal by hulle wees om hulle in die waarheid lei (Joh. 16:13). Jesus maak dit duidelik dat wat ook al in die toekoms gaan gebeur hulle aan hierdie belofte moet vashou. Alhoewel hulle geen idee het wat op hulle wag nie, vra Jesus hulle om aan hierdie belofte vas te hou.

Wanneer ons Handeling 2 lees spring ons amper twee maande vorentoe na Pinkstersondag toe die Heilige Gees in Jerusalem uitgestort is (ons vier hierdie gebeurtenis volgende Sondag). Ons ken die gedeelte in Handeling 1 en 2 wat

vertel van besondere en kragtige belewinge van die Heilige Gees baie goed. Toe ek die gedeelte onlangs gelees het, het ek iets vreemd opgemerk.

- In die midde van die ekstase van die uitstorting van die Heilige Gees, is gelowiges onseker. In Handeling 2:12 lees ons dat hulle vra: “Wat beteken dit alles?”
- Petrus probeer dan in Handeling 2 vir hulle die gebeure verduidelik en sê ook iets wat hulle verder laat kopkrap, naamlik dat koning David het al ‘n 1000 jaar vantevore in die realiteit van Jesus se opstanding en die teenwoordigheid van die Heilige Gees geleef het (Hand. 2:25-35).
- Na Petrus se verduideliking lees ons in Handeling 2:37 die volgende. “By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het vir Petrus en die ander apostels gevra: “Wat moet ons doen, broers?”

Dis nie asof die Apostels onmiddellik die antwoord weet nie, maar hulle het vasgehou aan die belofte: “Die Gees van die waarheid sal julle lei”. Hierop volg die fassinerende verhaal van die eerste gelowiges waarvan ons vier ou gemeenskappe gaan besoek: Die eerste gelowiges in Jerusalem, Antiogië, Filippi en Rome



Soos wat ons elke dag van Pinkster by elke gemeenskap uitkom val ‘n paar gemeenskaplike dinge op:

1. VIER VERSKILLENDE GEMEENSKAPPE Alhoewel al vier gemeenskappe in dieselfde Jesus geglo het, het hulle radikaal van mekaar verskil. In elke verhaal hoor ons hoe die Heilige Gees hulle op 'n unieke manier prakties gelei het om definitiewe keuses en besluite te neem. Daar was dus nie 'n tipe van standaard resep as dit by die werking van die Heilige Gees gekom het nie. God se werking in hulle gemeenskappe was persoonlik en het met hulle onmiddellike omstandighede saamgehang. Dit geld oor vir ons vandag.
2. WAT NOU? Net soos wat elke gemeenskap in die nuwe ritme kom van wat hulle moet doen omstandighede verander wat hulle weer en weer by dieselfde vraag uitbring het: Wat moet ons nou doen? In die lewe word ons te midde van ons geloof en die teenwoordigheid van die Heilige Gees voortdurend weer by die vraag uitbring: Wat moet ons nou doen?
3. ONVERWAGTE UITKOMSTE. Die Heilige Gees het hierdie gemeenskappe by mense, plekke en tye uitbring wat hulle nooit kon voorsien nie. Is ons gereed om vandag so 'n reis te ondergaan?

Terug by ons eie tyd en die frase, “dinge gaan nie weer dieselfde wees nie”. Nou hoe gaan dinge wees? Ons weet eenvoudig nie en vra “wat nou”?

- Sommige vra die vraag want hulle is bekommerd oor die verlies van inkomste wat op die beurt weer saam met allerhande ander uitdagings saamhang.
- Sommige vra die vraag omdat hulle besigheid die gevaar staan om toe te maak en hulle in hierdie tyd moeilike besluite moet neem wat ook die voortbestaan van ander mense se lewens raak.
- Ander is nie soseer op die ekonomiese realiteite gefokus nie omdat hulle realiteit die virus is. Mense wat self in die tyd siek is of geliefdes het wat siek is. Ons is bewus van die sterftesyfers en bedink weer die realiteit van dood.
- Daar is mense wat in hierdie tyd diep bekommerd is oor die omvang van mense se nood.
- Ander vir wie die periode van isolasie baie traumaties is.

- En dan is daar ook nog 'n rits van anders kwessies wat in hierdie tyd met jou saamleef?

Alhoewel ons almal op ons eie en unieke maniere met onsekerheid gekonfronteer word het ons die een ding in gemeen: Ons bely saam ons geloof in die Heilige Gees wat beteken dat ons glo die Here ons in die tyd sal wys.

Mag Pinkster 2020 vir jou so 'n tyd wees. 'n Tyd waarin jy te midde van onsekerheid vashou aan die belofte van die Heilige Gees en mag die Here vir elkeen van ons lei in wat nou nodig is.

GEBED

Here, skenk my die kalmte van gees
Om te aanvaar wat ek nie kan verander nie;
Die moed om om dit te verander wat kan,
En die wysheid in hierdie dag om die verskil te weet.
Leer my om een dag op 'n slag te lewe.
Oortuig my dat swaarkry dikwels tot diepe vrede lei,
En dat U genade 'n geskenk is en nie 'n loon nie.
Help my om die wêreld te aanvaar soos dit is,
Nie soos ek dit graag sou wou hê nie.
Versterk my met die hoop dat U alles nuut maak.
Maak my redelik tevrede met hierdie lewe,
en opgewonde oor die toekoms wat kom

AMEN

Skakel more weer by ons is as ons reis met die eerste gelowiges in Jerusalem